# HERINNERINGS UIT OUD-PRETORIA

deur

**Mnr. C. MORGAN**

in 'n onderhoud met

**H.P.H. BEHRENS**, Stedelike Skakelbeampte

My naam is *Cornelis Morgan* en my adres Malherbestraat 287, Capital Park. Ek is op 28 Oktober 1888 in Vermeulenstraat gebore en het vir 'n aantal jare na 1898 by Boomstraat 275 gewoon.

My vader was *François Petrus Morgan*. Een van sy pligte was om die klok te lui as die *Zeederberg*-poskoets op Kerkplein aankom. Die lui van die klok het alle inwoners na die Kerkplein gelok waar hulle hul briewe kom afhaal het. Die klok het in die groot ou akkerboom gehang wat gestaan het min of meer waar tans die ingang tot die Capitol-teater is. Langsaan het 'n kantoorgebou gestaan wat soos 'n doodskis gelyk het, (the Coffin).

Toe ons in Boomstraat gewoon het, het hulle net begin om die Dieretuin aan te lê. Dr. Gunning was die eerste een wat daarmee begin het.

Net oorkant ons - d.w.s. noord van Boomstraat - het ou mnr. De Waal gewoon. Sy grond het tot by die Aapiesrivier gestrek en aan die Dieretuin gegrens. Sy oudste seun was Johan en die tweede een Eddie. Sy twee dogters was Margaretha en Joey. Die twee strate in daardie buurt (De Waalstraat en Margarethastraat) heet na die familie.

Eddie en ek was groot maats en eendag het die kangaroe uit die Dieretuin ontsnap. Eddie en ek het hom aan sy stert gevang. Net as hy spring, tel ons die stert op - ons was bang hy sou ons byt. So spring-spring is ons na dr. Gunning en het toe 6d. gekry.

Ek het by mej. Van Manen in Bloedstraat skool gegaan en ander leerlinge wat ook daar was, was (nou) prof. J.C. Bosman, Andrew Bosman en dr. Gilles de Kock (Onderstepoort). Tydens die oorlog van 1899 - 1902 is ek na 'n ander skool by mnr. Tromp. Hy het skool gehou in 'n saal wat deur generaal Piet Joubert gegee is en die Joubertsaal genoem is. Dit was tussen Struben- en Bloedstraat en Prinsloo- en Du Toitstraat geleë. Die huis by Van der Waltstraat 7 was destyds die woning van oud-onderwyser Ribbens.

Boomstraat was van sy begin in die ooste (naby die Leeubrug)

tot by Paul Krugerstraat, met wilgebome bedek. Langs die straat het 'n groot watervoor geloop. As dit reën dan was Boomstraat so vol water dat ons in die sloot geswem het.
Net 'n eindjie verder, langs die De Waal's, het mnr. Pierneef gewoon. Sy plek se naam was "Prinshof". Sy twee seuns en ek was maats. Cor en ek het altyd voëls gaan vang en Hennie (die skilder) was ook een van ons. Ook daar digby het die Hagen's en Du Toit's gewoon. Die twee Du Toit-seuns was Phillip en Stoffel. Stoffel het altyd op sy tone geloop en was later in die munisipale diens.
Ek onthou nog goed waar die tol gestaan het. Dit was net teenoor die huidige sirkel by die kruising van Soutpansbergweg en Beatrixstraat. Tot onlangs het daar nog 'n doringboom gestaan. Ek was baie keer by die tol. As die plaasboere na die dorp-toe kom, moes hulle eers tol betaal voor die hek oopgemaak word. Later het die boere met 'n span osse gekom en die tol weggesleep en dit was die einde van hierdie tol.
Vertel word dat met geleenthede uitsonderings gemaak is en plaasboere wat stad-toe gekom het en wat op 'n perd met 'n bles en vier wit pote gery het van die betaling van die tol-geld vrygestel is. Ek dink die tarief was 6d. vir 'n perd, 1s. vir kar en perde en 2s. vir wa en osse.
Pres. Kruger het ek goed geken. Hy het baie op sy stoep gesit en daar het twee wagte voor die huis gestaan. Eendag moes ek 'n kollektelys vir die Sondagskoolpiekniek - ons kerk het toe op Kerkplein gestaan - na hom toe neem. My suster en ek is sommer direk met die lys na die President.
So bang-bang vir die twee wagte met gewere het ons genader. Een van hulle het toe na die President gestap wat op die stoep gesit het en ons toe maar laat inkom. Die oubaas was baie simpatiek en het ons met eens uit die Bybel vasgevra, maar ons is tog met 'n goue Krugerpond in ons hande daar weg.
Ek onthou die Kerkplein van vroeër jare baie goed - die kerk met sy vier deure en gallery. Ek moes elke Sondagoggend kerktoe gaan en elke Sondagmiddag Sondagskool-toe.
Ek onthou nog die voetstuk vir die standbeeld van die ou President wat nou by die stasie staan. Dit het agter die kerk gestaan, aan die westekant, maar sonder die beeld.
Ek onthou ook die fontein wat nou in die Dieretuin staan.
Waar tans die Reserwebank is, was 'n losieshuis. Ek dink dit was 'n mnr. Pickard wat daar gewoon het.
Ek onthou ook nog die ou watermeule. Dit was net om die hoek van Prinsloostraat naby Hove se drif (min of meer in die nabyheid waar tans die Roma Bakkery is).
Een ding wat nooit uit my geheue sal verdwyn nie is die dag toe

lord Roberts in Pretoria aangekom het. My werk was om elke môre voor ek skool-toe gaan vir my ma vleis te gaan koop. Dit was by die slagter Reynolds en Williams, toe nie ver van T.W. Beckett se winkel nie. (Die winkel word nou in 1952 gesloop.) Toe ek by die winkel uitkom, sien ek Engelse troepe daar verby ry, met lord Roberts aan die spits. Ek het gestaan en was verstom want ophou wou hulle nie. Ek wou graag die einde sien en die skool sou netnou begin. Die troepe wou net **"Criger"(Kruger) -tiekies** koop en hulle het sommer 'n sjieling vir een betaal. Hulle was op pad na hulle kamp wat geleë was waar tans die hospitaal staan.

Die krygsgevangene-kamp was net teenoor (oos van) waar tans die Leeuhokke van die Dieretuin teen die hange van die rand geleë is. Eers het die Boere Engelse gevangenes daarin gehad en ons het altyd na hulle gaan kyk, maar later het die Engelse Boere daarin opgesluit en my een oom, W.J. Morgan, wat nog leef, was ook 'n krygsgevangene in hierdie kamp. Hy is egter later Indië toe gestuur.

Toe die Engelse Pretoria ingekom het, het 'n paar bomme oor Arcadia gewaai en ons as kinders het in 'n "skerm" ingekruip wat mnr. Mont (Mundt?) gemaak het.

Ek het lord Kitchener persoonlik ontmoet toe ek nog 'n seun was. My pa het te perd van die oorlog teruggekeer en het die perd **aan my gegee. Toe ek een middag uit die** skool kom, sien ek net hoe die Tommies besig is om my perd te vat. Ek is saam met hulle want ek wil my perd terug hê. Hulle roep toe vir lord Kitchener om hom die seun te wys wat nie sy perd wil gee nie. Lord Kitchener gee my 'n bewys vir £9 en ek is huis-toe en natuurlik het ek elke middag na skool na sy kantoor gegaan om my £9 te haal. Dit het vir 'n paar weke aangehou totdat hy moeg vir my was en my die geld gegee het.

Sy kantoor was in die gebou wat regoor die Masonic Hotel staan (Dominion Buildings, noordoostelike hoek van die kruising van Vermeulen- en Andriesstraat).

*Perde gebuit*

Nog iets wat ek goed onthou is: Die Engelse het reg voor my tante se huis gekamp. Dit was hoek van Carl- en Maltzanstraat, Pretoria-wes. Hulle het soms konserte gehou en ons ook genooi. Hulle perde het agter die huis in 'n kamp gestaan, langs die treinspoor. My vader en oom het die draad gespan wat die dorp afgekamp het en moes tussen die pale blikkies vasmaak so dat hulle raas as die Boere in die nag wil deurkom. Nou ja, pappie het geweet waar die draad hoog gespan was en iemand maklik kan deurkom.

So het dit ook gebeur: - My een oom Jim Gerhard en kapt. Naude het herhaalde male deurgekom en na tante se huis gegaan en alles gesien wat aangaan. So is daar etlike boere daar uit. Een aand het hulle gekom toe die konsert op sy lekkerste was en buit al die perde. Ja, jy het 'n hele lawaai gehoor maar die boere is weg. Die draad was geknip en die perde is daardeur gevat.

'n Staaltjie wat my vader my vertel het, is soos volg: Die prisoniers in die gevangenis het geen bewaarder gehad wat hulle opgepas het nie. Hy het in die dorp gewerk waar die magistraat hom gesê het wat om te doen. Die prisoniers het egter nooit weggeloop nie en altyd hulle tyd uitgedien. As die vrou van 'n prisonier op sy plaas siek word en hy kry so'n boodskap of 'n brief, dan gaan vra hy verlof vir 'n week. Dit word hom toegestaan en na sy week verby is, kom hy weer werk om sy tyd uit te dien. Daardie tyd kon jy nog 'n man se woord aanvaar.

## KOCHSTRAAT EN BOSMANSTRAAT

Met verwysing na die artikel oor "Die Oorsprong van ons Straatname" (Pretoriana, deel I, nr. 2 berig mr. H.P.H. Behrens, stedelike skakelbeampte:

Die besluit om die naam van Kochstraat na Bosmanstraat te verander is deur die Stadsraad in Januarie 1942 (nie 1933 nie) geneem. Die voorstel om hierdie verandering te maak is deur Raadslid G.H. Brink, 'n voormalige burgemeester van Pretoria, gedoen.

Vandag word algemeen aangeneem dat Kochstraat na twee broers vernoem is wat 'n winkel in dié straat gehad het. Ons weet egter dat op die hoek van Kerk-, en Andriesstraat (waar tans Durban House - Hamilton's - staan) 'n groot winkel met 'n groothandelaarsafdeling gestaan het wat aan Koch en Kie behoort het. Is daar miskien van u lesers wat weet in watter verband hierdie besigheid met dié in Kochstraat gestaan het? Of is daar tog 'n ander oorsprong van die naam Kochstraat as dié wat algemeen aangeneem word?